*Historia* 57. 2. November 2012, pp 448-527

# Book Reviews
# –
# Boekresensies

## "Alle drade in die weefsel raak mekaar ..."

**Karel Schoeman, *Rivviereland: Twee Besoeke aan Nederland***

Protea Boekhuis, Pretoria, 2011
381 pp
ISBN 978-1-86919-497-0
R250.00

Met die publikasie van *Riviereland: Twee Besoeke aan Nederland* word verskeie van die kenmerkendste aspekte van die Schoeman-oeuvre weer op merkwaardige wyse voorgestel: die ruimtelike fokus op Nederland, die unieke atmosfeer waarbinne daardie fokus vorm kry, die beskrywing van die besondere verband tussen die Nederlandse geskiedenis en dit wat sedert die middel van die sewentiende eeu in Suid-Afrika gebeur het, en veral die aangrypende wyse waarop intiem-persoonlike belewenisse met die groter historiese verloop verstrengel is. Die motto vooraf wat oorgeneem is van Siegfried Lenz lees daarom ook soos 'n samevatting nie net van hierdie boek nie, maar van Schoeman se skryfwerk in die algemeen: "dass alles Vergangene dauert" (p 5).

Deur Schoeman se literêre prosa het die leser hierdie aspekte reeds ontmoet in die vroeë romans en kortverhale soos *Die Noorderlig* (1975) en "In Ballingskap" (uit: *Veldslag*, 1965); binne sy baie omvangryke korpus dokumentêre en reistekste veral in die biografie van sy Nederlandse grootouers: *Merksteen: 'n Dubbelbiografie* (1998) en die reisbeskrywing *Stamland: 'n Reis deur Nederland* (1999). Maar ook, en soms juis, in die verhale omtrent Nederlanders wat hulle in Suid-Afrika bevind, word daardie verweefdheid van ver verwyderde tye en ruimtes baie eksplisiet ervaar, soos twee van sy bekendste romans, *'n Ander Land* (1984) en *Verkenning* (1996), dit so manjifiek verbeeld. Die

baie sterk indruk wat hierdie twee werke by my gelaat het, was dat die verlede deur die boekstawing daarvan in die verbeelding opgeroep kan word, maar nooit weer kan herleef nie; dit is en bly "'n ander land". In *Riviereland*, egter, word daardie indruk sinvol gerelativeer. Dit wat eens gebeur het, ís 'n ander wêreld, maar dit is ook een wat vanuit die hede herontdek kan word, "waar [die hedendaagse waarnemer meemaak hoe] sleutel na sleutel in die slotte van die verlede draai en die een deur na die ander oopswaai" (p 100).

*Riviereland* word gestruktureer as twee dele waarin tyd- en ruimtelike vlakke oor en inmekaarskuif en wat oor en weer mekaar belig en betekenis gee. In die eerste en kortste deel word verslag gedoen van 'n besoek wat Schoeman aan Nederland gedurende 1999 gebring het. Die oorheersende toon is een van weemoed en selfs teleurstelling; teleurstelling in hierdie spesifieke reis, waarskynlik omdat die beplanning daarvoor oorhaastig en sonder 'n direkte doelstelling gedoen is; teleurstelling dat die voldoening van 'n vorige reis (in 1998) wat gelei het tot die publikasie van *Stamland* nie herleef kan word nie; misnoeë met 'n hedendaagse Nederland waarmee hy nie kan identifiseer nie en gevolglik die besluit om vroeër as wat beplan is, na Suid-Afrika terug te keer.

Terwyl die beskrywings van die reisiger se verblyf in en wandelinge deur stede soos Amsterdam, Zwolle en Rotterdam in detail soos by dagboekinskrywings gedoen word, is dit die byna metaforiese, sterk literêre aard daarvan wat my opgeval het. Daar is 'n motief van afstand tussen reisiger en omgewing, 'n gevoel van vreemdheid en verganklikheid wat die perspektief bepaal. Die beelde van 'n herfstige Nederland word byna uitsluitlik deur kleure van bruin en grys geteken. Schoeman se kenmerkende aandag vir die ligval en die lug word, behalwe in een geval (wanneer hy die wonder van 'n onverwagte stralende hemel oor Delft beleef, p 45) beskryf as "grou", "silwer", "vaal", "wit" en "skemeragtig". Sy waarnemings vind, tipies Schoeman, ook resonansie in die visuele en woordkuns uit die ou Europese kultuurskatte. Die gedigte van Hadewijch, die skilderye van Vermeer, die uitstallings in die Frans Hals Museum – tereg verklaar die reisiger: "My persoonlike verwysingsveld dra ek

soos die goue draad deur 'n weefwerk loop ook die verwysings na die onverwagte dog onmiskenbare bande met die Suid-Afrikaanse milieu. In *Germanicus* plaas Van Wyk Louw in 'n kamp by die Nederlandse grens een van die soldate wat kla oor hoe hulle "Vég deur die blink rivierland" (p 102); die name van stadjies en die burgers wat daar geleef het, kom voor in die Kaapse boedelinventarisse uit die agtiende eeu; die agtiende-eeuse piëteitsbewegings het op verskillende vlakke noue kontak gehad met geloofskringe aan die Kaap; meerdere hoë Kompanjie-amptenare het na eervolle of oneervolle diensverlating hulle op imposante landgoedere in hierdie riviereland kom vestig. Deur sy uitgebreide en kundige weergawe van en verwysings na die lewens van hierdie individue, van die boere, soldate en goewerneurs en hulle gesinne, maak Schoeman die uitspraak van die Britse historikus Bromley waar: "Dutch history [maar dit geld seker geskiedenis in die algemeen], more than any other, is the sum of local histories" (p 92).

Soos in deel 1 word die gedetaileerde beskrywings en inligting met die wêreld van die woord- en skilderkuns verbind. Sy eerste indruk van Gelderland roep die herinnering op aan 'n sewentiende-eeuse jagskildery van Jan Hackaert en 'n gedig van Constantijn Huygens waar in beide die effek van lig wat deur 'n digte blarekroon val soos 'n groen skaduwee, voorgestel word. Die hele deel 2 benadruk die groen weelde van hierdie land: die bosagtige dele, die bloemryke graslande en die pragtige parke van die Betuwe, die Veluwe en die Achterhoek, steeds die groen longe van Nederland. Die unieke skoonheid van die streek word dan ook verwoord in die digter Achterberg se versreël "De avond ligt in flessengroen gesloten …" (p 319).

Teen die einde van sy navorsingreis besoek Schoeman byna as 'n nagedagte ook – buite die Gelderlandse grense – Hertogenbosch en Den Haag. Tog vind hy selfs hier spore van die Suid-Afrikaanse verbintenis. Die Arnhemse Beck-familie het 'n Haagse grootoom wat skoolmeester-digter was en in verskeie tekste Gelderland besing het, en wat in sy dagboek wat onlangs herdruk is, 'n

> verbasend helder en volledige beeld [gee] van 'n enkele menselewe aan die begin van die Goue Eeu. In die jaar toe Jan van Riebeeck 'n seuntjie van vyf was in Schiedam, en Batavia onlangs eers tot stand gekom het as hoofstad

met my saam, en vir my het jaartalle hulle eie betekenis" (p 34). Maar, tenspyte van daardie stralende middag in Delft, die piëteitsbesoek aan sy grootvader se stadjie Meppel, die etes in deftige restourante en die observasie van die imposante argitektuur, is die slotsom: dis "'n fout om te probeer teruggaan, struikelend op die gevoel oor die puin en onkruid van die verlede" (p 47). En dis dan met verligting, byna blydskap dat hierdie deel afgesluit word met die aankoms in die dorre Vrystaat; "ek is weer by die huis" (p 67).

Die tweede deel, getitel "Nederland 2003", vorm klaarblyklik die kern van die teks en hoewel die aanvangsparagrawe die seisoen (herfs) en die ruimte (die grys aankoms op van Schiphol) soos in deel 1 herhaal, oorheers 'n heeltemal kontrasterende toonaard nou. Die aanleiding tot hierdie reis is duidelik omskryf: om agtergrondstudie te doen vir navorsing oor die teenwoordigheid van die VOC aan die Kaap  en spesifiek die familie Beck (is dit die gebrek aan so 'n doelgerigtheid wat die mineurtoon van die eerste deel verklaar?) Die Gelderlandse besoek, anders as konvensionele toeristiese belewenisse in die Randstad, Amsterdam en die tulpevelde, bied vir Schoeman 'n opwindende ontdekkingstog in die vreemde (p 74). In dertien hoofstukke en in 'n deeglik gedokumenteerde styl word die geskiedenis van Gelderland en spesifiek die stede Nijmegen en Arnhem, en die naburige Utrecht, en die reisiger se eie waarnemings en belewing van hierdie gebied met sy eiesoortige ekologie, leefwyse en tradisies, weergegee. Gelderland: die provinsie wat deurkruis word deur die Ryn, die Waal, die Maas en die Ijssel en daarom ook die titel van  hierdie boek regverdig. Dis die provinsie wat onder die Romeinse besetting sy beslag gekry het, die land van bosse, heide en kastele, en wat in die stadsname, die oorgeblewe ruïnes en spore van handelspaaie die bakens van daardie Romeinse verlede en deur die Katolieke sfeer die latere pre-reformatoriese status steeds blootlê. Schoeman beskryf meesleurend en evokatief hierdie wêreld met sy eie gespesialiseerde woordeskat (pp 80 en verder), veral ten opsigte van water, fauna en flora. 'n Wêreld "afsydig" van die meer bekende Hollandse pragmatisme; 'n gebied eerder gekeer na die Europese suide; die klassieke tempelklomplekse van die Romeinse beskawing net "vlak onder die vertroude oppervlak van die daaglikse lewe" (p 105). Maar

van die VOC in die Ooste (p 359).

En aan die hof van Willem V het ’n jong offisier, J.T. van der Kemp, met groot uitbundigheid gedien voordat hy hom bekeer en na die Kaap vertrek het.

*Riviereland* sluit af met ’n verwysing na ’n VOC-verslag, waarin die in Persies geskrewe woorde op die muur van die destydse keiser weergegee word: “As daar ’n paradys op aarde is, is dit hier.” Volgens Schoeman se slotwoorde onderskryf hy daardie uitspraak ten opsigte van sy eie lewe: “die verlede is verby, die toekoms is onvoorspelbaar, al wat wel bestaan is hierdie oomblik, die ewige hede” (p 381). Na my mening bring *Riviereland* egter aan sy leser ’n oortuigende weerwoord: dit is juis deur die dinamiese interaksie met die alomteenwoordige verlede, dat die hede sinvol (ewig?) word.

*Henriette Roos*
*Universiteit van Suid-Afrika*